

Les 4: Die Gelykenis van die Twee Seuns

Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Matteus 21: 28 - 32

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Druiwesap

Pers versiersuiker, Rosyntjies

Papierborde

Inkleurkryte, groot karton, Koki's

Lesinhoud:

“Wat dink julle van hierdie verhaal?” vra Jesus op ‘n dag aan die Joodse leiers. ‘n Pa, wat ‘n boer was, het twee seuns gehad. Die pa vra toe op ‘n dag sy oudste seun om hom vir ‘n dag met die boerdery te kom help. Maar hierdie seun antwoord: “Nee dankie pa, ek is nie lus nie.” Later het hy sleg gevoel oor sy kortaf antwoord en tog na die lande toe gegaan. Die pa was ‘n duiwe of wingerd boer. Ons weet nou al dat die woord “wingerd” in die Ou Testament (Jesaja 5: 1 – 10) na God se volk Israel verwys, en in die Nuwe Testament na die koninkryk van God.

Intussen is die pa na die tweede seun toe. “Goed pa, ek sal gaan help,” het die tweede seun sonder huiwering gesê, maar hy het nooit daad by sy woord gevoeg nie en net weggebly. Sy antwoord was net leë woorde! Watter seun dink julle het gedoen wat sy pa van hom gevra het? In hierdie verhaal verteenwoordig die twee seuns twee groepe mense. Die oudste seun is ‘n simbool vir die tollenaars en prostitute, of slegte vrouens. Hulle was sondaars wat God se woord nie aanvaar het nie, maar tog geluister het na Johannes die Doper se prediking. Iets van God se woord het diep in hulle harte vasgesteek.

Die tweede seun verteenwoordig die vrome, Joodse godsdienstige leiers soos die Fariseërs en Sadduseërs. Deur hulle skynheiligheid skep hulle die indruk dat hulle God se wil doen, maar aan Johannes die Doper se prediking, en God se woord, het hulle hulle glad nie gesteur nie. God roep elkeen van ons om in Sy wingerd te werk. As jy Sy kind is, roep hy jou! Sy volk Israel het Hom verwerp (soos die tweede seun). Wat doen

jy? Ons moet eerder niks belowe nie, as wat ons vinnige beloftes aan God maak en dit dan nie uitvoer nie (Prediker 5). Lippetaal is maklik (Ja! Ja!) en kos niks, maar om met jou daad jou getrouheid aan God te wys, is 'n ander storie. Dikwels as iemand belowe het dat hulle die Here sal volg, het Jesus gewaarsku: “Gaan bereken die koste.”

God het 'n hart vol berou (Psalm 51) en sal jou nie gering skat as jy jou aanvanklike “NEE” antwoord met jou daad regmaak en vir sy koninkryk werk nie. Vir almal van ons moet dit 'n les wees: Moenie mense te vining oordeel nie. God kan enige iemand se lewe verander.

Vragies vir slim oortjies

- Wat het die pa vir die twee seuns gevra?
- Wat was die oudste seun se antwoord en wat het hy toe gedoen?
- Soos watter mense / 'n simbool van wie, was die oudste seun?

Plakkers

Kom ons soek die plakker vir die “Gelykenis van die twee seuns.” Plak dit nou op die regte plek in jou Oposboek in.

Besprekingspunte

- Het jy al ooit iets vir God belowe of 'n ooreenkoms met hom probeer aangaan? Ek sal iets doen as U vir my iets doen! Gee 'n voorbeeld.
- Het 'n vriend al vir jou iets belowe en dit dan nie gedoen nie? Hoe laat dit mens voel?

Lewensles

Sê liever nee vir volle toewyding aan die Here, as wat jy beloftes maak en dit nie nakom nie. Leef asof hierdie jou laaste dag is – met oorgawe vir God.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons vra vergifnis vir beloftes wat ons maak en nie nakom nie. Gee ons krag om met oorgawe in U wingerd te werk. **Amen**

Idee vir VET pret

Druiwesap vir elke maat. Dit is wat die boer in hierdie gelykenis verbou het.

Vers vir die week

Matteus 21: 31

“Wie van die twee het gedoen wat hulle pa wou hê? Hulle sê: Die eerste. Toe sê Jesus vir hulle: Dit verseker ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in.”

Net vir die lekker

Plak 'n groot stuk papier teen die muur vas. Ongedrukte koerantpapier of 'n paar kartonne teenmekaar werk goed. Gee drie-drie maats kans om iets op die graffiti-muur te gaan skryf. Jy kan enige tema kies. Moontlike voorbeeld:

- Wat sal jy doen vir jou laaste dag op aarde?
- Een iets waarvoor jy regtig dankbaar is?
- Dit wat jy die graagste in die lewe wil hê?
- Wat sal jy verander aan jou skool?
- Jou beste grappie ooit?

Gebruik helder penne om dit interessant te maak. Bêre dalk hierdie papier tot aan die einde van die jaar en kyk hoe maats se idees verander het